
## 200 Is dit, is dit my Koning




Is dit, is dit my Koning: Kyk, daar, aanskou die Mens!
Is dit, is dit sy kroning wie het dit so gewens?
Is dit sy koningshulde: dié riet, die kleed, die kroon?
Boet Hy so vir my skulde, word so Gods Seun vertoon?

Ja, ek kos Hom die slae, die smarte en die hoon.
Hy dra, na Gods behae, die kleed, die doringkrooon.
Vir my was daardie wonde, vir my moes Hhy daar staan;
Hy moes vir al my sonde die bitter kruisweg gaan.

O Jesus, Man van smarte, o Liefde onbegrens,
skryf diep in alle harte die woord: “Aanskou die Mens!”
O, laat my nooit vergeet nie, die kroon, die kleed, die riet!!
Geen groter troos in leed nie: dis ook vir my geskied!

Jan Scharp (1756-1828) H.L. Hassler (1564-1612)